**Skriflesing:** Kolossense 3:1-17
**Tema:** Hier is Christus alles en in almal.

Die Here verseker vir elkeen van ons deur die doop en in sy Woord (Kol 3:12a) dat Hy ons gekies het om aan Hom te behoort en sy volk te wees. En Hy het ons lief.
Hy het ons hand gevat, lank voor ons Syne in geloof gevat het

Daarom het ons 'n nuwe identiteit. Ons is nuwe mense. En dit is sigbaar in ons leefstyl.
Ons is saam met Christus uit die dood opgewek.
Ons streef daarna om Christus se wil te ken en te doen.
Wanneer As Paulus sê dat gelowiges moet strewe na die dinge daarbo waar Christus is, dan stel hy nie voor dat ons met ons kop in die wolke leef nie. Dit beteken bloot dat ons ons nie aan die klomp mensgemaak godsdienstige reëls moet steur nie, maar moet vra wat Christus wil hê.
Kyk na die wêreld soos Hy daarna kyk.
Dink, praat en doen die dinge wat Hy gedoen het.

Ware godsdiens bestaan daarin dat jy die "volle verlossing" van Jesus gekry het en leef binne sy wil. En sy wil is liefde vir God en liefde vir mense.

In Kolossense 3:3 sê Paulus dat gelowiges wat so saam met Christus gesterf en opgestaan het het, nou reeds die ewige lewe het.
In Johannes 17:3 lees ons: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is."

Hierdie kennis van God is nie net kopkennis nie. Dit is ook 'n intieme geloofsverhouding met die Here en die doen van sy wil.

Die ewige lewe is om nou in 'n lewende en ware geloofsverhouding met die Here te staan terwyl ons weet dat ons oppad is na die wederkoms waarna ons volmaak by Hom sal wees.

In 'n geloofsverhouding met die Here is ons nuwe mense. Ons sterf, in sy krag, 'n klomp sondige wêreldse dinge af. Afsterf beteken om totaal daarvan ontslae te raak.
Ons sal dit die "kleedkamer van God" kan noem. In God se kleedkamer trek ons ons vorige vorige sondestel vuil klere uit en trek die nuwe stel skoongewaste klere aan wat Hy vir ons gee.

Ons gaan nie vanoggend by vuil sondige dinge, wat ons uitgetrek het, stilstaan nie.

Ons gaan kyk na die nuwe klere wat elkeen van ons, as die kerk van die Here, dra.
Met ons nuwe stel klere is Jesus is ons voorbeeld. Ons lyk en tree al meer soos Hy op.
Wanneer ons in in 'n spieël kyk, lyk ons lewens al meer soos die van Christus.

Ons lees in Kolossense 3:11 dat al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is. Want al wat regtig in die lewe tel, is net Christus.
Bevolkingsgroep, sosiale status, geletterdheid, rykdom en mag speel in die kerk nie 'n rol nie.
Dit maak ook nie saak hoe lank jy al 'n Christen is nie.

Al wat saak maak is of Christus alles en in almal is.
Wat jou dus identiteit gee, is nie waaraan jy behoort nie, maar wel aan Wie jy behoort. Ons behoort aan Jesus Christus. Dit is al wat regtig tel.

Ons het reeds gesien dat Hy ons gekies het en liefhet.
As nuwe mense is ons wat Hy ons gemaak het om te wees. Ons leef al meer soos die Here.
In Kolossense 3:12-17 volg 'n reeks aanduidings van hoe ons as nuwe mense leef. Kom ons elkeen meet onsself daaraan.
Twee woorde wat gedeelte omraamis liefde (Kol 3:12-14) en dankbaarheid. (Kol 3:15-17)

As nuwe mense het ons lief. In Kolossense 3:14 staan daar: "Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind."
Liefde bind almal en alles in gemeente volmaak saam.

Liefde word sigbaar daarin dat ons ander se belange bo ons eie stel.
Liefde beteken dat ons empatie het met ander mense. Ons voel wat hulle voel en daarom word hulle saak (of dit vreugde of verdriet is) ook ons saak.
Ons is vriendelik. Daar is 'n openheid en gemaklikheid tussen gelowiges wat uitkring na ander mense. Alle mense voel welkom in die teenwoordigheid van kinders van die Here.
Nederigheid en sagmoedigheid maak dat ons nie onsself op die voorgrond stel nie, maar ander dien.
Geduld beteken dat ons verdraagsaam is. Ons skep genoeg ruimte vir ander, ook vir hulle foute en verskille, om veilig by ons te voel.
In aansluiting hiermee verdra ons mekaar, selfs wanneer daar rede is om ongelukkig te wees met die ander persoon.
Ons vergewe mekaar soos die Here ons vergewe het.
Omdat nuwe mense lief is vir mekaar, gee ons vir mekaar om. Ons dra mekaar se belange op die hart en leef in vrede met mekaar.

Die tweede deel van Kolossense 3:15 en 16 en ook Kolossense 3:17 gaan oor dankbaarheid.
Nuwe mense is altyd dankbaar.

En ons het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar. Ons moet mekaar leer en onderrig in die goeie nuus van Jesus.
Een van die maniere waarop ons dit doen, is deur die liedere wat ons sing. (Kol 3:16b).
In die vroeë kerk, was daar heelwat mense wat nie kon nie lees nie. Liedere is so geskryf dat dit mense belangrike dele van die Christelike boodskap op die maat van musiek laat sing en onthou het.
Die liedere het oor God gegaan, dit het aan Hom die eer gebring en daarom is daar met dankbare vreugde gesing.

Vandag nog sing nuwe mense dankliedere. So leer ons sy goeie nuus beter ken. En so vier ons, vanoggend weer, saam fees oor God se onverdiende uitverkiesing en liefde in ons lewens.

In Kolossense 3:17 gee Paulus die samevatting van ons as nuwe mense se leefstyl en daarmee sluit ek af:

Alles wat ons is, is aan Christus te danke.
Ons leef in die teenwoordigheid van die Here. Hy het ons gekies. Hy het ons lief. Hy stap Hy saam met ons. Daarom is ons lewens een groot dankie tot eer van God
Amen